



BKB BEPERK

(Registrasienuommer 1998/012435/06)
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
("die Maatskappy")

VOLMAGVORM

Vir gebruik deur lede by die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy op Woensdag 25 November 2020

Ek/Ons (naam in drukskrif)

Lidnommer

as die houer van gewone aandele in die Maatskappy, stel hiermee aan (sien Aantekening 1 op die keersy):

1 _____ of indien nie hy/sy nie,

2 _____ of indien nie hy/sy nie,

3 die voorsitter van die direksie of enige mededirekteur wat deur sodanige voorsitter benoem is,

as my/ons gevolmagtigde verteenwoordiger om namens my/ons by die algemene jaarvergadering van die Maatskappy en enige verdaging daarvan te praat en te stem, en om benewens sodanige algemene magtiging namens my/ons ooreenkomstig die volgende stemopdragte te stem **met betrekking tot die spesiale en gewone besluite hieronder**, waarvan kennis gegee word in die kennisgewing waarvan hierdie volmagvorm deel uitmaak, ten opsigte van die gewone aandele in die Maatskappy wat in my/ons naam/name geregistreer is (sien Aantekening 2 op die keersy):

	TEN GUNSTE VAN	TEEN	BUISTE STEMMING
GEWONE BESLUIT NR 1			
GEWONE BESLUIT NR 2			
GEWONE BESLUIT NR 3			
GEWONE BESLUIT NR 4			
GEWONE BESLUIT NR 5			
GEWONE BESLUIT NR 6			
GEWONE BESLUIT NR 7			
GEWONE BESLUIT NR 8			
GEWONE BESLUIT NR 9			
SPESIALE BESLUIT NR 1			
SPESIALE BESLUIT NR 2			
SPESIALE BESLUIT NR 3			
SPESIALE BESLUIT NR 4			

Dui asseblief u stemopdragte met 'n **kruisie** aan in die toepaslike ruimte hierbo.
Hierdie volmagvorm kan ook as 'n stembrief gebruik word.

Geteken te

op

2020

Handtekening

Bygestaan deur (waar van toepassing)

Elke lid is geregtig om een of meer gevolmagtigdes (van wie nie een 'n lid van die Maatskappy hoef te wees nie) aan te stel om die vergadering by te woon en namens die lid daarop te praat en te stem.

LEES ASSEBLIEF DIE AANTEKENINGE HIERONDER

Aantekeninge:

- 1 'n Lid mag die naam van 'n persoon of die name van twee ander persone van die lid se keuse as die lid se gevolmagtigde(s) in die toepaslike ruimte(s) op die volmagvorm invoeg, met of sonder skraping van "die voorsitter van die direksie of enige mededirekteur wat deur sodanige voorsitter benoem is", maar enige sodanige skraping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die ander gevolmagtigdes by die vergadering.
 - 2 Dui asseblief met 'n kruisie in die toepaslike ruimte u opdragte aan oor hoe u stem uitgebring moet word. Versuim om stemopdragte te verskaf, sal geag word magtiging aan die gevolmagtigde te verleen om op die vergadering te stem of buite stemming te bly soos die gevolmagtigde goeddink, ten opsigte van al die stemme wat daarop uitgeoefen kan word, onderhewig aan Aantekening 3 hieronder.
 - 3 Lede moet kennis neem dat indien hulle 'n volmag, aanstelling of magtiging aan die voorsitter van die direksie verleen in sy hoedanigheid om namens hulle by algemene jaarvergaderings op te tree, en geen stemopdragte daarin aangedui word nie, die voorsitter of sy gedelegeerde mededirekteur die stemme verbonde aan die betrokke aandele uitbring in oorleg met die direksie oor hoe daar oor die betrokke voorgestelde besluite gestem behoort te word.
 - 4 Volmagvorme moet ingedien word by of gepos of per faks gestuur word aan die Maatskappysekretaris by **GRAHAMSTADWEG 61, PORT ELIZABETH, of POSBUS 2002, NOORDEINDE, 6056 of FAKSNOMMER 086 206 0051**, om deur die Maatskappysekretaris ontvang te word nie later nie as 48 uur voor die bestemde tyd waarop die vergadering sal begin, met dien verstande dat die voorsitter van die vergadering geheel na eie goeddunke bewys van die oorspronklike volmagvorm kan vereis indien dit per faks aan die Maatskappysekretaris gestuur is. Enige volmagvorm wat nie teen hierdie tyd by die Maatskappysekretaris afgelewer is nie, kan aan die voorsitter van die algemene jaarvergadering oorhandig word enige tyd voordat die aangestelde gevolmagtigde enige van die aandeelhouerregte by die algemene jaarvergadering uitoefen.
 - 5 Die invul en indiening van die volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die vergadering persoonlik by te woon en daarop te praat en te stem nie, met uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ooreenkomstig hierdie volmagvorm aangestel word.
 - 6 Skriftelike bewys kan vereis word om die magtiging van die persoon wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, te bevestig.
 - 7 Enige wysiging of regstelling op die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.
 - 8 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die relevante dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bevestig, voorgelê word of geregistreer of ingedien is by die Maatskappysekretaris.
 - 9 Die voorsitter van die vergadering kan enige volmagvorm aanvaar wat anders as volgens hierdie opdragte ingevul is, mits die voorsitter tevrede is met die wyse waarop die lid wil stem.
-